OPENINGSREDE

DIE BYDRAE VAN DIE MISSTOFBEDRYF TOT DIE SUID-AFRIKAANSE LANDBOU

DE LA HARPE DE VILLIERS, President, Suid-Afrikaanse Landbou-unie.

Dit is vir my 'n groot genoeë om die Jaarvergadering van die Misstofvereniging by te woon en gedagtes te wissel met ons misstofvervaardigers en almal wat belangstel in bemesting. As boer is bemesting vir my van die uiterste belang. Hoewel daar baie veeboere in die land is wat betreklik min kunsmis gebruik, is kunsmis vandag ná lone, die hoogste enkele uitgawe-item vir die landboubedryf in die Republiek, insluitende alle boerderyvertakkinge. As die uitgawes van gewasproduksie afsonderlik bereken sou word, wil dit voorkom asof kunsmis die hoogste uitgawe-item is. Die produksiekoste-opnames vir mielies wat die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking uitvoer, toon dat kunsmis 'n hoër koste-item as arbeid is. As in aanmerking geneem word dat die kunsmisrekening van die boere 10 jaar gelede (1957/58), 'n bedrag van R28 miljoen beloop het, in 1963/64 R48 miljoen was en na berāming nou reeds oor die R60 miljoen per jaar bedra, kan besef word hoe belangrik kunsmis vir die boer en in besonder die akkerbouer en tuinbouer is.

Die landboubedryf is natuurlik Suid-Afrika se oudste bedryf, terwyl die kunsmisbedryf een van die jongstes is. Hoewel daar reeds kort na die begin van die eeu in Suid-Afrika 'n begin gemaak is met kunsmisvervaardiging, dateer die eintlike ontwikkeling van die bedryf maar vanaf die Tweede Wêreldoorlog. In 1940 byvoorbeeld was die plaaslike produksie nog maar 'n kwart miljoen ton. Daarna het dit omtrent elke tien jaar verdubbel tot die huide 2 miljoen ton en ons selfs al begin uitvoer het. Dit is voorwaar 'n geweldige prestasie vir ons jong nywerheidsland en een waarop ons almal met reg trots kan wees. Die belegging van die chemiese nywerheid in die vervaardiging van kunsmis word deur verskillende skrywers, insluitende die vorige voorsitter van u Vereniging, op tussen R125 miljoen en R140 miljoen beraam en na verwagting sal teen 1975 nog 'n addisionele R50 miljoen daarin belê word maar hieroor sal ons in die loop van hierdie vergadering seker jonger en meer akkurate gegewens kry.

Die punt wat ek eintlik wil maak, is dat die misstofvervaardigingsbedryf tot dusver sy verpligtinge teenoor die land nagekom het — dit het 'n groot agterstand uitgewis, 'n vinnig-toenemende vraag ingehaal en nou in werklikheid oorskry. Die groot bydrae tot die land se betalingsbalansposisie is duidelik. Die vraag is egter wat dié bedryf se bydrae tot die landbou in die Republiek is — die hoof onderwerp van hierdie konferensie?

Die saak is moeiliker om te peil. Sprekers, meer bevoegd as ek, wat later hierdie vergadering sal toespreek, sal waarskynlik 'n taamlike duidelike antwoord op hierdie vraag verstrek. Alhoewel dit my voorreg is om alle aspekte aan te roer en met latere sprekers se onderwerpe te oorvleuel, is ek nie van voornemens om in besonderhede in te gaan nie. Ek sal liewer vrae stel vir beantwoording deur die deskundiges.

Uit verbruikstatistieke word gemerk dat die fisiese volume kunsmis oor die afgelope 10 jaar 'n geleidelike styging getoon het met 'n effense afwaartse neiging vir die jare 1965 en 1966. Die jaarlikse verbruik (in tonnemaat) het omtrent net verdubbel gedurende die periode 1957-1967 en syfers wat reeds aangehaal is, toon dat die uitgawe aan kunsmis ietwat meer as verdubbel het.

Aangesien gehalte algaande verbeter het en mengsels meer gekonsentreerd geword het, is die genoemde tonnemaat nie juis betekenisvol nie. Syfers wat die toediening van werklike plantvoedselbestanddele weergee is veel beter. Uit beskikbare inligting blyk dit dat die toediening van stikstof gedurende die afgelope tien jaar meer as viervoudig toegeneem het, die toediening van kalium (potas) byna vervierdubbel het en die toediening van fosfaat byna verdubbel het. Die oppervlakte onder bewerking het natuurlik oor dieselfde tydperk ook toegeneem, maar tog blyk dit dat daar 'n taamlike skerp toename in die toediening van plantvoedingstowwe per acre of per morg was.

Die fisiese produksievolume van akkerbou- en tuinbougewasse toon in geval van laasgenoemde 'n gelykmatige styging van omtrent 50 persent gedurende die afgelope 10 jaar, terwyl die styging vir akkerbougewasse meer onreëlmatig was. As die twee uitsonderlike jare, 1963 en 1967 uitgesluit word, is die gemiddelde styging vir landbougewasse omtrent 25 persent gedurende die tien-jaar periode.

Wat mielies alleen betref, word uit die werklike opbrengs per morg, soos gebruik in die berekening van produksiekoste, gemerk dat, verlede jaar se uitsonderlike oes uitgesluit, die toename in opbrengs per morg ook in die buurt van 50 persent is.

Dit word besef dat, benewens die toediening van plantvoedsel, ook tegniese vooruitgang, die gebruik van beter en bastersaad, die prysfaktor en klimaatstoestande tot'n mindere of meedere mate 'n rol gespeel het in die verhoogde produksie. Ek is geen deskundige nie en sal nie probeer om die afsonderlike invloede van die verskillende faktore te isoleer nie, maar dit word aanvaar dat die verhoogde toediening van plantvoedsel 'n vername rol gespeel het. Indien slegs die helfte van die verhoogde mielie-opbrengs aan beter benutting van kunsmis toegeskryf kan word, sal die verdubbeling van die kunsmisrekening oor die afgelope 10 jaar die koste geloon het. Om egter die boere te oortuig en steeds verbeterde kunsmisbenutting te bevorder, sal dit nodig wees dat deskundiges boere moet inlig hoedanig hulle boerdery ekonomies beïnvloed sal word. Dit word gesê dat, veral met die oog op die verklaring in 1966 van u vorige voorsitter, boere 58 lb. kunsmis per morg toedien terwyl die grond ten minste 'n gemiddeld van 147 lb. per morg benodig. Die jongste inligting oor hierdie saak sal waarskynlik later vandag voorhande wees. Boere sal presies wil weet wat hulle gebaat het deur die verdubbeling van hulle kunsmisrekening die afgelope tien jaar en wat hulle sal baat deur 'n verdere verdubbeling of drie-voudige verhoging in die toekoms. Sal opbrengste en winsgewendheidspeile steeds teen dieselfde tempo as in die verlede toeneem met verhoogde kunsmistoediening, of sal daar 'n afplatting wees?

'n Ander aspek waaroor boere graag meer sal wil weet is die invloed van hoër inset-koste op die risikofaktor onder ons onreëlmatige klimaatstoestande. Alles

in aanmerking geneem, begrawe boere deesdae meer geld in die grond as ooit tevore, iets wat 'n verlammende uitwerking by selfs gedeeltelike misoeste mag hê. Selfs al sou die verhouding tussen inset en opbrengs verbeter, sou die toepaslike absolute syfers dit nie miskien vir die gewone boer onmoontlik maak nie? 'n Skema vir allesomvattende oesversekering is hier aangewese. Met die oog op die weiering van die Staat om egter so 'n skema te oorweeg, is dit nie moontlik dat die risikofaktor binnekort 'n beperking sal plaas op insetkostes waarbo die gewone boer nie durf gaan nie — selfs al sou hy besef dat meer kunsmis onder normale klimaatstoestande sy winste sal verhoog?

Voordat afgestap word van die tegniese en ekonomiese aspekte van kunsmistoediening, kan een ander probleem waarna gesaghebbendes verwys, genoem word en dit is die gebruik van kalk in hierdie land. Na verneem word dien boere in Amerika en ander gevorderde lande omtrent twee- tot driekeer soveel kalk as kunsmis toe. In Suid-Afrika is die verhouding klaarblyklik omgekeerd. Daar word gekonstateer dat ons grond omtrent 4 miljoen ton kalk per jaar benodig, terwyl ons slegs omtrent 'n half-miljoen toedien. Is daar werklik so 'n groot verskil, en indien wel, waarom? Word 'n deel van die geld wat op kunsmis gespandeer word nie verkwis omdat ons nie meer kalk gebruik nie? Dit wil voorkom of hierdie 'n probleem is waarop die antwoorde gou gevind moet word en dan vanuit alle kante aangepak moet word — vanuit die kunsmisnywerheid as geheel, vanuit die Departement met al sy voorligtingsbeamptes en vanuit die boere se eie organisasies, landbou-unies en landboukoöperasies.

Maar ek wil wegkom van die terrein van die landbouwetenskaplikes en landbou-ekonome waar ek my dalk kan vaspraat en my by meer algemene sake bepaal. Afgesien van die spesifieke vrae wat gestel is en waaroor baie mense nie absolute duidelikheid het nie, is daar na my mening niemand wat twyfel dat ons boere oor die algemeen baie meer uit die grond haal as wat hulle daarin terugsit nie. Ek dink ook dit geld vir alle landbouers dwarsoor die aardbol. Ons bemestingspraktyke kan dus nog baie verbeter word. Nou moet ek hier by sê dat ek nie een van daardie swartgallige mense is wat bereken dat die bevolking van die wêreld teen die jaar 2,000 reeds 7500 miljoen sal wees nie en dan met 'n soort galghumor bewys dat daar onmoontlik vir almal kos sal kan wees nie. Ek dink die mensdom is aan die een kant beskaafd genoeg om sy getalle vanself binne perke te hou en aan die ander kant barbaars genoeg om mekaar op groot skaal uit te roei. Daarby is daar nog bekende bronne van voedsel wat ontgin kan word en waarskynlik veel meer onbekende bronne wat op die ontdekking van wetenskaplikes wag.

Swartgallig oor die toekoms is ek dus nie, maar ek stem saam dat ons vooruit moet beplan en alles in ons vermoë moet doen om voedselproduksie nie te laat agterraak nie. Sommige mense mag die opinie huldig dat ons reeds agter is maar dit is nie so nie. Dit is wel so dat 'n groot deel van die wêreldbevolking honger ly, maar daarteenoor is daar elders onbemarkbare surplusse of word daar produksiebeperkings toegepas of word ander produkte as voedsel geproduseer waarsonder die wêreld desnoods kan klaarkom. Hierdie toedrag van sake is nie die landbouer se skuld nie. Tot dusver kon hy tredhou of was hy fisies in die vermoë om tred te hou indien ander faktore soos onekonomiese pryse, kwotas, ensovoorts hom nie daarvan weerhou het om meer te produseer nie. Met hierdie fisiese vermoë om meer te produseer het bemesting ongetwyfeld baie te doen gehad, tesame met al die ander hulpmiddels van die chemiese bedryf om siektes, peste en plae te bekamp. Ons is egter vandag slegs gemoeid met bemesting en die bydrae van die misstofnywerheid tot die landbou in Suid-Afrika.

As daar van die misstofnywerheid gepraat word kan nie net aan privaat onderneming gedink word nie, maar moet die Staat se rol noodwendig ook in gedagte gehou word. Die Staat se byrae was en is van tweërlei aard. Eerstens het dit met die stigting van Foskor en Sasol self tot vervaardiging toegetree en op daardie gebied 'n baie belangrike bydrae gemaak. Tweedens het dit die verbruik van kunsmis sterk aangemoedig. Afgesien van die propagandawerk van die voorligtingsdiens het dit ook die koste laag gehou en regstreeks gesubsideer. Die geskiedenis van prysbeheer is bekend en miskien is dit nie juis die plek om prysbeheer te loof nie, maar ek reken almal is dit eens dat dit wel gehelp het om pryse redelik stabiel en laag te hou — te laag in die oë van die vervaardigers miskien en nog te hoog in die oë van die boer — maar binne redelike perke. Vir die regstreekse subsidie wat eers 'n vaste bedrag per ton was maar nou op die plantvoedselinhoud gebaseer is, is daar in 1966/67 nie minder nie, as R8.8 miljoen opsygesit, waarvan R1 miljoen bedoel was as vervoerrabat op mis, kompos en landboukalk. Die volgende jaar het dit gestyg na R14.4 miljoen en op vanjaar se begroting is die subsidie R15.5 miljoen, insluitende R1½ miljoen vir die vervoerrabat op mis, kompos en landboukalk.

Hoewel 'n mens nie die Staat se groot bydrae wil misken nie, het die private ondernemings in die misstofbedryf tog in die afgelope aantal jare die voortou geneem en 'n reuse aandeel gehad in die vordering op bemestingsgebied wat in die Republiek ondervind is. Ek verstaan dat die kunsmismaatskappye meer voorligters in diens het as die Departement en dat hulle jaarliks heelwat meer persoonlike kontak met individuele boere het as die voorligtingsbeamptes van die Departement. Hierdie ontwikkeling het natuurlik nie sonder spanninge en struwelinge plaasgevind nie.

In 1966 het die Ministers van Landbou op advies van die Landbou-adviesraad, wat bestaan uit die lede van die Uitvoerende Komitee van die S.A.L.U., sy direkteur en die sekretarisse van die Departemente van Landbou-Tegniese Dienste, Ekonomie en Bemarking en van Landboukrediet en Grondbesit, die volgende persverklaring uitgereik: „Met die oog op die toenemende voorligtingsdienste, leierskursusse, en so meer wat deur verskeie handelsinstansies aangebied word, is dit die oorwoë mening van die Raad dat dit in die eerste plek die funksie en verantwoordelikheid van die Staat is om in noue samewerking met die georganiseerde landbou, genoemde dienste te lewer, en die Raad beveel dus aan (1) dat fondse wat deur handelsinstansies beskikbaar gestel word, in die bestaande navorsingsrekening van die Departement gestort behoort te word vir aanwending in verband met navorsing, opleiding en voorligting; (2) dat sterk kapsie gemaak word teen die wegrokkeling van departementele beamptes deur private handelsinstansies; (3) dat daar 'n beroep op instansies wat tegniese dienste aan boere lewer, gedoen moet word om dit in die nouste samewerking met die betrokke Staatsdepartemente te doen, ten einde teenstrydige inligting en oorvleueling van dienste te voorkom. Hierdie verklaarde beleid van die Staat en van georganiseerde landbou beteken geensins dat die kunsmismaatskappye nie navorsing en voorligting moet doen nie, maar dit word beklemtoon dat die private nywerheids- en handelsondernemings hulle dienste

moet onderneem in noue samewerking met ons Staatsdepartemente en met samewerking met georganiseerde landbou."

Ek wil toegee dat een van die Staat se groot klagtes naamlik dat hulle die mense oplei wat met hoër salarisse weggelok word, nou tot 'n groot mate weggeval het vanweë die beurse en finansiële hulp vir vakopleiding wat die misstofbedryf sedertdien ingestel het. Ek aanvaar ook die bedryf se standpunt dat as die staat die enigste potensiële werkgewer was en daar nie soveel poste buite die staatsdiens vir landbougegradueerdes geskep is nie, baie minder jongmense hulle vandag aan ons universiteite in 'n landbourigting sou bekwaam.

Georganiseerde landbou lê klem op die feit dat produksiekostes in die landbou so laag as moontlik gehou moet word en dat boerderybenodigdhede soos bemestingsstowwe, dus ook die boer moet bereik teen die laags moontlike prys. Die rede hiervoor is omdat landbou nie kostes kan oordra na verbruikers nie aangesien landbouprodukte verkoop word teen aanbod- en aanvraagpryse. Die aanvraag na voedsel- en veselprodukte is baie meer onelasties as by die meeste fabrieksgoedere en die aanbod daarvan is feitlik onbeheerbaar as gevolg van die groot getalle individuele produsente en die afhanklikheid van wisselvallige natuursomstandighede. Dit is derhalwe verstaanbaar dat georganiseerde landbou daarop aandring dat daar geen oorvleueling van navorsing en voorligting sal wees nie, en dat die dienste wat die private nywerheids- en handelsinstansies onderneem, nie 'n verhoging van kostes vir die boer sal meebring nie.

Hierdie besondere belangstelling van ons organisasie in die laags moontlike kostes, is ook een van die redes waarom so sterk oor die koöperatiewe stelsel van distribusie van kunsmis gevoel word. Elke individuele boerdery is 'n produksie-eenheid soos 'n fabriek en dit spreek vanself dat die boer sy produksiemiddele teen groothandelaarspryse moet kan bekom — dit moet van die fabriek na die boer langs die kortste en goedkoopste weg gaan.

Dit word ook aanvaar dat die kunsmisbedryf deur sy navorsings- en voorligtingsdienste, kunsmisverbruik en bemestingsbewustheid in ons land 'n geweldige stoot vorentoe gegee het en so 'n aansienlike bydrae gemaak het tot verhoogde opbrengste en groter landbouproduksie.

Wat my persoonlik as landbouleier 'n bietjie bekommer is dat terwyl die Staat aan alle bedrywe aandag moet skenk, so 'n sterk verskaffingsgroep soos die misstofbedryf met sy eie voorligtingsdiens, 'n skewe ontwikkeling van ons hele landboustruktuur tot gevolg kan hê. Is die feit dat akkerbou- en tuinbouproduksie in die afgelope 20 jaar in volume meer as verdubbel het, terwyl die volume van veeteeltproduksie maar met sowat die helfte toegeneem het, nie reeds 'n aanduiding hiervan nie? Dat daar beter langtermynbeplanning en beter koördinasie op hoë vlak tussen alle betrokke instansies behoort te wees, is dus vir my 'n uitgemaakte saak. Hierdie skyn ook die eeu van simposiums te wees. Ons het al een gehad oor besproeiing en een oor kommunikasie en eintlik neem hierdie jaarvergadering van u ook die vorm van 'n simposium aan. Aangesien dit so ontsettend duur is om alle boere individueel op hulle plase te besoek, kan ons miskien meer sulke konferensies oor bemesting hê waaraan die boere, die departementele beamptes, en die misstofnywerheid se deskundiges kan deelneem — miskien op gewasbasis of op streeksbasis. U Vereniging kan 'n belangrike rol in diè verband speel, want wat van groot belang is, is dat boere-organisasies altyd meer geneë sal wees om na persone te luister wat bemesting in die algemeen bevorder, as na diegene wat 'n spesifieke maatskappy verteenwoordig en wat 'n besondere handelsmerk kunsmis probeer verkoop. Mens wonder dus of, benewens diegene wat in diens van individuele maatskappye is, daar nie ook deskundige lesingspan in diens van die Vereniging en die bedryf as geheel kan wees nie. Dit sal natuurlik beteken dat almal moet bydra en daar nie rugryers moet wees nie. Ek doen dit maar aan die hand vir wat dit werd is.

Ek kan nie afsluit sonder om te verwys na die noue skakeling en samewerking tussen u Vereniging en georganiseerde landbou en veral tussen u vervaardigingslede en ons Koöpertiewe Raad nie. Ek weet dat die Vereniging nie pryse en handelsaangeleenthede bespreek nie en dat die Kunsmisskakelkomitee dus eintlik buite die veld van die Vereniging gewerk het. Ek weet ook dat al die vervaardigers ongelukkig nie lede is van u Vereniging nie en dat almal nie deelneem aan die werk van die Kunsmis-skakelkomitee nie. Dit is jammer. Nogtans beskou ek hierdie samewerking, hoewel nie volkome nie, as een van die belangrikste bydraes van die kunsmisbedryf tot die landbou in die Republiek. Indien sulke verhoudings bestaan het tussen verskaffers van ander boerderybenodigdhede en georganiseerde landbou, sou die resultaat slegs tot onderlinge voordeel van alle belanghebbendes gewees het.

Dit is nou vir my 'n genoeë om hierdie Negende Gewone Algemene Jaarvergadering van die Misstofvereniging van Suid-Afrika formeel te open.

Ek verklaar die vergadering formeel ope.